

13 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:6-12

Fokusgedeelte: Handeling 1:11b; Heidelbergse Kategismus Sondag 19

Hemelvaart en Wederkoms

“Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

In die Griekse grondteks lê die engelboodskappers met net een woordjie (“net so”) verband tussen Hemelvaart en Wederkoms (vs. 11). Dieselfde Jesus kom op dieselfde manier as wat Hy vertrek het. In hierdie enkele, geïnspireerde woord lê daar vir ons ’n groot roeping en troos. Dit beteken:

- Net so SEKER. Jesus se hemelvaart is ’n ware, fisiese werklikheid wat 40 dae na sy opstanding (Hand. 1:3) op pad Betanië toe (Luk. 24:50) by die Olyfberg (Hand. 1:12) plaasgevind het. Net so ’n sekere, fisiese werklikheid is Jesus se terugkoms. “Almal sal Hom sien” (Openb. 1:7).
- Net so SKIELIK. Op ’n bekende roete na ’n bekende plek toe, is Jesus (onverwags) van die dissipels af “opgeneem” is (vs. 9). So is dit ook met Jesus se terugkoms. Die lewe sal sy normale verloop neem; mense sal soos gewoonlik werk, eet, drink en trou (Matt. 24:37-42) en dan, skielik, sal die dag van die Here aanbreek.
- Net so SEËNEND. Jesus het na die hemel opgevaar “terwyl Hy hulle seën” (Luk. 24:51). Alhoewel Hy in heerlijkheid terugkom om te oordeel (Openb. 19:11), is Hy steeds dieselfde Jesus wat kom om sy uitverkorenes finaal van die aardse swaarkry te verlos en hulle met hemelse heerlijkheid te seën.
- Net so SEËVIEREND. Ondanks weerstand van die bose, het God reeds vier stappe van sy heilsplan (Jesus se geboorte, kruisdood, opstanding en hemelvaart) onstuitbaar en seëvierend deurgevoer. Net so onstuitbaar kom die wederkoms ook. Jesus sal sy vyande met die asem van sy mond verdelg (2 Tess. 2:8) en seëvierend ook die dood en die doderyk tot niet maak (Openb. 20:14).

Die dissipels het die troos en roeping van hierdie engelboodskap gelowig ontvang en het met blydschap verder gelewe (Luk. 24:52). Hulle het God in die samekoms van die gemeente geprys en aanbid (Luk. 24:53). Sal ons nie ook NET SO maak nie? Doen dit “totdat Hy kom”.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)